



Mees Vernietigende Wapen In Wording

Na langdurige wik en weeg het pres. Truman verlede week aangekondig dat hy besluit het om opdrag aan Amerikaanse wetenskaplikes te gee om dadelik te begin met die vervaardiging van die waterstofbom. Die vrees dat Rusland reeds met so 'n bom besig is, het deurslag gegee vir hierdie besluit.

Na berig word is Amerikaanse deskundiges vol vertroue dat hulle reeds aanstaande jaar in staat sal wees om die eerste waterstofbom te laat ontplof—die verskriklikste wapen wat die mens nog uitgedink het, en wat na gemeen word, alle lewe oor 'n afstand van 100 myl sal uitwis.

Die koste verbonde aan die onderneming word op enigiets tussen £35,000,000 en £1,400,000,000 geskat. Dit is dan ook die enigste gerustellende feit vir die Westerse volke—die

Russe Baas In Drie Sfeer

Die Kommunistiese lande het tans die baasskap in die lug en onder die see en hulle het 'n leër wat groter is as die gesamentlike landmagte van die Weste, het die Amerikaanse minister van die lugmag verlede week gesê. 'n Verrassingsaanval uit die lug kan teen enige deel van die Verenigde State gelewer word, het hy gesê. „Ons beskik oor geen sekere afweer teen so 'n aanval nie. Die erns van hierdie toestand word verhoog deur ons kennis van die welslae van Russiese deskundiges op die gebied van atoomnavorsing.”

hoop dat Rusland tot nog toe nie in staat was om so 'n duur onderneming te loods nie. Die kennis omtrent die bom is geen geheim nie. Aan die ander kant is daar nogtans mense wat vrees dat Rusland besig is om aan die nuwe bom te werk. Daar word vermoed dat die Russiese atoomdeskundige, prof. Kapitza, reeds voor die Amerikaners tot die kennis gekom het hoe 'n waterstofbom met behulp van 'n atoombom as slagdopie ontplof kan word. Die aanwesigheid in Rusland van beroemde Duitse deskundiges op hierdie gebied is 'n saak van diepe kommer vir die Weste.

Prof. Robert Havemann, 'n vooraanstaande Duitse wetenskaplike in Oos-Duitsland, het in 'n koerant-artikel verklaar dat Rusland waarskynlik 'n nuwe ketting-reaksie uitgevind het wat beter is as die waterstofbom, en dat hierdie reaksie beter vooruitsigte bied as dié van die Amerikaanse waterstofbom. „Amerika het nie die monopolie op hierdie gebied nie,” het hy verklaar.

Inmiddels het Amerika voorbereidings begin tref om sy onderneming so goed moontlik te beskerm. Geen vliegtuig word toegelaat om binne 'n afstand van 100 myl van die fabriek af te kom nie.

PETROLRANTSOENERING OP VERSOEK VAN LONDEN

Die Britse eerste minister, Clement Attlee, het, volgens 'n berig uit Canberra, die Australiese eerste minister per kabelgram versoek om nie sy plan om petrolrantsoenering op te hef, uit te voer nie. „Indien petrolrantsoenering in Australië opgehef word,” aldus die kabelgram, „sal dit lei tot die ineenstorting van petrolrantsoenering in Brittanje en Nu-Seeland.”

Die kabelgram het voorts die Britse premier se „teleurstelling” uitgespreek oor Australië se besluit, en daaraan toegevoeg dat dit Australië natuurlik heeltemal vry staan om enige besluit wat hy wil te neem, maar dat geen bykomende petrol of dollars kan gewaarborg word nie.

Hierdie brokkie nuus is een van die belangwekkendste onthullings in die jongste tyd. Dit openbaar en suggereer 'n hele paar dinge, die vernaamste waarvan is die onsigbare bande van die Britse Empire en die ongerief wat inwoners van die „soewereine en onafhanklike” dominiums moet verduur as gevolg van die Britse konneksie.

'n Paar maande gelede het die Britse minister van buitelandse sake in die laerhuis beklemtoon dat die samewerking tussen Rykslande so goed is as ooit.

„Daar is voortdurende raadpleging met alle lede elke dag,” het hy gesê.

Parlementêre Waardigheid

„Hy (die Minister van Ekonomiese Sake) het die hele tyd gepraat teen 'n spervuur van tussenwerpsels soos „hoe treurig” en „wat 'n anti-klimaks” . . .

„Mev. Ballinger . . . moes meer as eenkeer beswaar maak teen die onmanierlike gebabbel van Regeringslede wat haar by tye onhoorbaar gemaak het in dele van die saal.”

Hierdie aanhaling uit die Cape Times laat die lig val op die Britse partypolitieke parlement, en dit spreek vir sigself.

ONSIGBARE BANDE

En die onderminister van statebondsbetrekkinge het by geleentheid van 'n aanval op die Konserwatiewe Party se beleid van nouer sameskakeling van die Britse Ryk deur middel van gesamentlike komitees en rade, daarop gewys dat so 'n beleid van sigbare bande „oneindige skade aan die lewende samestelling van die Statebond” sal veroorsaak.

„In Europa tree ons op deur middel van verdrae en vergaderings, maar dit is nie hoe ons in die Statebond optree nie. Laasgenoemde se eenheid kan alleen gebou word op die steeds nuere assosiasie van vrye volke wat so nou verbind is aan mekaar dat hulle geen formele masjinerie nodig het of begeer om hulle saam te bind nie.”

SO WERK HY

Die berig uit Canberra, volgens Sapa-Reuter afkomstig van 'n „gesaghebbende bron”, laat die lig val op die werkinge van hierdie „lewende organisme”. Die kabelgram aan die heer Menzies was maar een van die daaglikse raadplegings „met alle lede elke dag.” Dit gee 'n aanduiding van die inhoud en toon van sommige van daardie „raadplegings” uit Londen.

Eerste minister Menzies „is volkome vry” om te besluit wat hy aan sy kiesers belowe het, maar hy moet goed beseef dat so 'n stap nadelige gevolge vir Moeder Brittanje sal hê. As die Australiërs meer petrol kan kry, dan is dit nie billik dat inwoners van Brittanje nie ook meer petrol kan kry nie, en . . . as hierdie sentiment-argument nie wil werk nie — dan het premier Attlee 'n ietwat sterker argument om die ongevoelige en rebelse „vrye dominium” tot nadenke te tem: „Geen bykomende petrol of dollars kan gewaarborg word nie.”

Moeder Engeland hou darem nog die Ryksbeurs, danksy die ekonomiese bande wat so stewig gelê is voor die toesegging aan die dominiums van „volkome onafhanklikheid”.

EN SUID-AFRIKA?

Hierdie onthulling in Australië het ook betekenis vir Suid-Afrika. Raadplegings van hierdie aard geskied, volgens Bevin, dadeliks en met elke lid.

Is die plan om petrol te rantsoeneer in die Unie 'n ingewing van die Unie-regering of is dit die gevolg van „raadpleging” uit Londen?

Die regering se aandag is gevestig op die feit dat die invoer van koring vir doeleindes van wit brood die land net soveel kos aan dollars as die invoer van die hoeveelheid petrol wat die regering voornemens is om deur middel van rantsoenering te bespaar. Moet die feit dat die regering ten spyte van hierdie logiese wenk volhard met sy voorkeur vir witbrood bo petrol, toegeskryf word aan „raadpleging” uit Londen in dieselfde gees as die kabelgram aan Australië?

Dit lê voor die hand, en as rantsoenering eersdaags inge-

Australië Gewaarsku Om Daarmee Vol Te Hou

voer word, kan die volk — en veral die Engelse deel — homself daarmee troos dat hy betaal — in gellings — vir die Britse konneksie.

Pot En Ketel Bespreek Mekaar

'n Voorstel in die volksraad deur dr. A. J. R. van Rhyn dat 'n ondersoek ingestel moet word na die Suid-Afrikaanse pers en sy beriggewing, met nadruk op die kwessie van self-dissipline en selfbeheer, het 'n vloed pot-en-ketel-verwyte die afgelope week in die parlement aan die gang gesit. Van Afrikaanse kant is voorbeelde uit die Engelse pers aangehaal om te bewys hoe nuus verdraai word, terwyl Engelse sprekers weer voorbeelde uit die Herenigde Party-pers aangehaal het.

Die O.B. kan hom heeltemal vereenselwig met die voorstel—wat gelukkig as 'n nie-party-politieke aangeleentheid deur die partye benader is.

O.B.-lede is egter geneig om te glimlag as hulle hoor hoe die vlerkies aan albei kante van die „Huis” teen mekaar kras. Na die ondervinding wat hy van die kant van die partypolitieke pers gehad het—en gedeeltelik nog het—is sy oor nie vatbaar vir die fluweelagtige geruis wat gepaard gaan met die stormloop na die eerste—en grootste—klip nie.

Almal Uit Engeland Afkomstig

Die volgende aankondiging in die Cape Argus is insiggewend ten opsigte van die mate waartoe die Engelse pers in ons land 'n Suid-Afrikaanse agtergrond het:

„Mnr. Horace Flather, redakteur van die Argus, is aangestel as redakteur van die Star, Johannesburg, in opvolging tot mnr. William Addison, wat aftree.

„Mnr. Flather is gebore en opgevoed in Engeland en het sy eerste opleiding in joernalistiek aan die South York Times gehad . . .

„Hy sal opgevolg word in die Argus deur mnr. Morris Broughton, wat op die oomblik redakteur is van die Natal Daily News. Mnr. Broughton het ook sy opleiding in Engeland gehad en het aan die Eerste Wêreldoorlog deelgeneem.”

Dit sal interessant wees om te weet hoeveel van die redakteurs in die Engelse pers Suid-Afrikans van geboorte is — iets wat gerus deur die voorgestelde kommissie van ondersoek nagegaan kan word.

POLE VOER SJINESE IN OM PLEK TE VUL VAN UITGEDREWE DUITSERS

(Van Ons Korrespondent in Duitsland)

'n Paar weke gelede het 'n afvaardiging van die mynwerkersbond van die rooi Sjinese republiek 'n besoek gebring aan die steenkoolmyne in Bo-Silesië. Volgens 'n berig uit Warschau is daar 'n ooreenkoms tussen Pole en Kommunistiese Sjina gesluit waarkragtens Sjinese in die westerse gebiede van die huidige Pole (dit wil sê die deel van Duitsland agter die Oder-linie) as arbeiders in die steenkoolmyne en die landbou in diens geneem sal word.

Na afloop van twee jaar sal hierdie Sjinese kan kies of hulle na hul land wil terugkeer dan of hulle hul in Pole (Duitsland) wil vestig.

Die eerste groep Sjinese het reeds in Oos-Duitsland aangekom.

(Nadat Oos-Duitsland aan Pole gegee is as vergoeding vir die deel van Pole wat Rusland beslag op gelê het, het die Pole begin met die grootskaalse verjaging van die gevestigde Duitse bevolking. Hulle is by die miljoene verdryf na Duitsland toe waar hulle vandag 'n reuse-vraagstuk skep as die „vyfde stand” in 'n oorbevolkte land. Met hierdie uitdruwing van die gevestigde inwoners het daar blykbaar 'n groot tekort aan arbeidskrag gekom, en die enigste oplossing wat die wraakgierige Pole blykbaar aan kon dink, was om Sjinese in te voer. — Red.)

WERKLOOSHEID

Werkloosheid is vinnig besig om in Wes-Duitsland toe te neem. Die toename in Desember was 115,019, wat die totale aantal werkloos nou op 1,500,000 te staan bring. Die Duitse minister van arbeid het gesê dat die stygende werkloosheid mede-veroorsaak word deur die stroom vlugtelingen uit die Russiese gebied, en dat solank hierdie vlug voortduur, die werkloosheidsvraagstuk moeilik opgelos sal kan word.

VLUGTELINGE

Die getal vlugtelingen uit die Russiese deel van Duitsland neem angswekkend toe. Daeliks kom meer as duisend mense oor die grens van die Westerse Bondsrepubliek. Die Geallieerde hoëkommissaris het die Duitse regering versoek om strengere beheer oor die vlugtelingen uit te oefen. Daar word vermoed dat hierdie massa-vlug die gevolg is van 'n weloorwoë Russiese plan om die moeilikhede van die Weste te vererger en die veld sodoende voor te berei vir 'n kommunistiese revolusie.

DIE SKENDING VAN 'N VOLK SE SKEPPING EN SIEL

GEBREEKTE
JUWEEL UIT
DIE OU DAE

PRAGSTUK

Die Volksraadsaal moes 'n pragstuk gewees het. Die mure was oordek met die pragtigste hout-paneelwerk. In die hoeke van die geboue is kaste waarin pype verskuil is waarmee in die winter sentrale verwarming verskaf is. 'n Stoomketel is vir die doel buite die gebou ingerig en was in gebruik totdat later elektriese verwarmers aangebring is. Oorspronklik is gasligte gebruik maar sedert 1897 elektriese ligte.

Langs die Volksraad, dog geskei deur 'n deurlopende muur was die saal van die laerhuis, genaamd die Tweede Volksraad.

TWEEDE VOLKSRAAD

Hierdie Tweede Volksraad is spesiaal in die lewe geroep as gevolg van die ontdekking van goud en die industriële opbloeit wat in die Republiek plaasgevind het. Hierdie nywerheidsontwikkeling het ingewikkelde wetgewing vereis, en daarvoor was mense met kennis van dié sake nodig. Die stemregvereistes was streng en waar dit die Volksraad gehou het in die hande van die patriarge was dit tog tweesnydend vir sover dit mense wat wel kort in die land was maar wat tog oor nuttige kennis beskik het, ingesluit het.

BOERE-VERNUF

Die Tweede Volksraad is in die lewe geroep met minder streng stemregvereistes en op die manier kon toe vir nywerheidswetgewing vordering gemaak word. Dit is ook opmerklik hoe dat President Kruger met sy rede met sy laaste inswering as president op allerhande nywerheidsprobleme ingegaan het. Dit spreek boekdele vir die Boerevernuf dat hulle hul regeringstelsel so volmaak kon aanpas by moderne omstandighede.

Hier was nou werklik 'n praggebou met pragingstelsels — alles skeppings van Boerevernuf en Boereerfdisie.

Met sy vierde inswering as president het Paul Kruger vanaf die balkon sy gedenkwaardige toespraak gehou. Hy het gespreek tot die vergaderde volk. Mense wat teenwoordig was getuig dat Kruger 'n paar uur lank gepraat het, sonder die hulp van luidsprekers, maar dat hulle hom tog duidelik kon hoor.

... 'n Volk gevange in die ewige vloed en eb van die parlementêre stelsel — 'n volk wat nie beseft wat van hom weggeneem is nie — 'n volk vir wie die skilde van koper net so blink soos die skilde van goud!

Vanaf die balkon van die ou Goewermentsgebou te Pretoria het 'n mens 'n mooi uitsig oor Kerkplein. Aan die oorkant staan die Paleis van Justisie, en dit lyk nogal baie na die Goewermentsgebou. Laasgenoemde kan egter maklik uitgeken word as die een met die horlosie in die toring, en was die setel van sowel die Wetgewende as Uitvoerende Gesag van die ou Suid-Afrikaanse Republiek.

Op die hoeksteen is uitgebeitel:

Hoeksteen

gelegd deur

Z. H. Edele Staatspresident

S. J. P. Kruger

J. J. Krikness

Aannemer

S. Wreida

Gouv. Mg. Archt.

Agtereenvolgens het hierdie driefverdiepinggebou die volgende gehuisves: die Republikeinse regering, die Britse Militêre gesag (na die Anglo-Boere-oorlog), die Transvaalse Koloniale Parlement (na 1907) en vanaf 1910 die Transvaalse Provinsiale Raad.

Uitwendig is die ou Goewermentsgebou nie veel verander nie, maar iemand wat dit in President Kruger se dae besoek het, en daarna nadat „Transvaal weer Selfregering gekry het” sou hopeloos verdwaal.

INRIGTING

Die gebou bestaan uit 'n sentrale gedeelte wat die Volksraadsale bevat het, omvleuel deur gange in 'n reghoekige U-vorm rondom. Hierdie gange

het toegang verleen tot die verskillende staatskantore.

Wanneer mens voor inkom bevind jy jou in 'n portaal met gange na links en regs wat op hulle beurt weer reghoekig na regs en links onderskeidelik swenk. President Kruger se kantoor was in die noordoostelike hoek en Kommandant-generaal en Vise-president Piet Joubert s'n in die westelike hoek.

Deur
A. J. van Rooy

Die portaal verleen verder toegang tot wye trappe wat lei na 'n wye gang met vier kantore—twee aan elke kant. Hierdie kantore word nou gebruik deur die lede van die Uitvoerende Komitee, maar vroeër was dit bedoel vir die bodes van die Volksraad.

VOLKSRAADSAAL

Hierdie gang het uitloop op 'n groot deur wat vir die lede toegang verleen het tot die Volksraadsaal. Hierdie saal is effens langwerpig en die deur was in die middel van een van die lang mure. Reg daarteenoor teen die anderste kant se muur was die mooi, hoë voorsitterstoel met die republikeinse wapen op die leuning.

Die lede het in halwe konsentrisie sirkels om die voorsitter gegroep gesit. Die tafels was lan ook van 'n geboë fatsoen. Terwyl die tafel van die klerke wat voor die voorsitterstoel gesit het aan die een kant rond is om by die vorm van die tafels aan te pas.

PRESIDENT

Reg teenoor die voorsitter was 'n openbare galery (sowel as aan sy regterkant). Aan weerskante van die voorsitterstoel was twee deure na agter. Die een aan die voorsitter se regterkant het gelei na die president se kleedkamer. President Kruger het altyd van sy kantoor af met een van die gange na die agterkant van die gebou gestap en vandaar met 'n ystertrap na sy kleedkamer. Daarvandaan het hy die Volksraadkamer binnegegaan en op 'n stoel regs van die voorsitter plaasgeneem. Hy het gereeld aan debatte deelgeneem.

TWEE STELLINGS

Waar die magte van imperialisme (Milner) en kapitalisme (Rhodes) daardie tyd duidelik gedreig het, daar het Paul Kruger in sy toespraak twee stellings neergelê, en versoek dat die Volksraad hom in albei moet ondersteun. Ten eerste dat hy niks sal doen wat die onafhanklikheid van die land sal benadeel nie, en ten tweede dat hy die mense sal beskerm teen kapitalistiese uitbuiting en sal red uit die „strik der vogelvangers.”

Hierna was die Anglo-Boere-oorlog onvermydelik. Dit het meegebring dat die Republikeinse regering mettertyd vervang is deur die Britse militêre bewind.

KRY PARLEMENT

In 1907 het Transvaal selfregering en sy eie parlement ontvang. Die republikeinse stelsel is weggeveeg en dit moes nou vervang word deur die Britse parlementêre of te wel partystelsel. Die Volksraadsaal, waar die volksraadslede as 'n eenheid gegroep was om die voorsitterstoel, met die leuse „Eendrag maak Mag” daarop, was hiervoor ten enemale nie geskik nie. Dat die republikeinse wapen vervang is deur die Britse was ook nie genoeg nie. Die hele wetgewende vergadering moes herskep word op Britse patroon. Britse okkupasie moes vervang word deur Britse konneksie.

ONSIGBARE BANDE

'n Welbekende Afrikaanse teoloog het nadat hy van 'n internasionale sinode teruggekeer het dié volgende twee voorwaardes neergelê vir internasionale kerklike verband: Ten eerste is eenheid van belydenis nodig en ten tweede eenheid in ooreenstemming in die vorme van kerklike gesag.

Volgens hierdie resep word die Britse Ryk ook aanmekeer gehou. Daar is die eenheid in belydenis of ideologie, nl. die demokrasie volgens die parlementêre vertolkings daarvan en die eenheid in stelsel nl. die Britse parlementêre. Die inrigting van die parlamentsgebou speel hier 'n groot rol, want dit is so eie aan die stelsel soos wat

(vervolg in volgende kolom)

KRY SELF LAG DAARVOOR

„Dit was die leier van die Opposisie onwaardig, vir sy party geen voordeel nie en vir ons land skadelik dat hy hom aan die voorpunt van die herrie van die afgelope week gestel het. Wat hy self dink van die buitensporighede in sy inleidende toespraak, het hy laat blyk toe hy hartlik saamgelag het by die ontleding van sy volhaarbewerings deur manne soos min. Havenga.”

Bostaande aanhaling uit 'n hoofartikel van Die Burger oor die parlamentsgebeure laat die lig val op die skadelike klugtigheid van die Britse partypolitieke stelsel wat 'n stryd tussen partye vereis as metode van staatsbewind. Die opposisie-leier MOET opponeer — al kry hy self lag vir sy argumente.

(vervolg van vorige kolom) die skilpad se dop aan die skilpad is. In Transvaal was die invoering van 'n „House of Commons” nog meer noodsaaklik daar 'n stelsel wat gebou was om „Eendrag maak Mag” vervang moes word deur 'n stelsel wat „Verdeel en Heers” nie net simboliseer nie, maar ook in hie hand werk

RONDE TAFELS VERWYDER

Die Volksraadsaal moes dus verander word in 'n Parlement. Die ronde tafels is verwyder en bevind hulle glo nou in Germiston. In die plek daarvan is langwerpige tafels aangebring in rye langs die lang mure. Die deure in die langmure is toegestop en die voorsitterstoel (herdoop tot speakerstoel) is verskuif na die kort mure aan die oostekant. 'n Deur is aangebring aan die sy van die speakerstoel en dié is met 'n soort van bogronde tunnel verbind met die sentrale gang wat gegaan het na die deur wat nou toegemessel is.

VERBREEK

In die muur aan die westekant moes toe ook 'n deur ingebreek word. Hierdie deur het nou die weg oopgemaak na die Tweede Volksraad. Die vloer van die Tweede Volksraad was

Hierdie blik op die ou Republikeinse Raadsaal is sprekend van die leuse „Eendrag Maak Mag” wat in die Boerestelsel gegeld het. Lees megaande artikel oor die verbreking daarvan.



„Besook ons Tak in die Wandelgang, Grootte Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.”




Koop hierdie by

Steyns

DIE MODEWINKEL

Parow



DIE VERBREKING VAN „EENDRAG...”

(vervolg van bladsy 2, kolom 5)

egter heelwat hoër as dié van die Eerste Volksraad omdat die woonstel van die opsigter daaronder geleë was. In hierdie vloer is toe maar 'n gat gemaak en mens kan met trappe aan weerskante daar uitklouter. Die deel van die vloer wat oorgebly het, is toe gebruik as 'n „lobby”. Op dieselfde vloer waar in die verlede belangrike nywerheids-wetgewing in die tyd van die Republiek geloods is, sou voortaan politieke kletspraatjies en draadtrekkery plaasvind.

„ROYAL BOXES”

In die Volksraadsaal is die galery aan die oostekant vervorm om „royal boxes” bo die hoof van die Speaker te vorm. Die galery aan die noordekant is toegemessel en aan die westekant is 'n galery aangebring deur die galery van die Tweede Volksraad „om te draai”. Die gevolg is dat die toegang tot die galery nou half oor die solder loop en mens dit eintlik „van elders” moet bykom.

Met die toemessel van die deure in die langmure moes daar natuurlik verdere hout-paneel aangebring word. Die Britse beskawing was egter nie daartoe in staat nie. Toe het hulle maar al die paneel aan die lang mure afgehaal.

SY MAJESTEIT SE OPPOSISIE

'n Portret van die eerste Transvaalse parlement word getoon. Generaal Beyers is tot die Speakerstoel verneder. Aan die regeringskant sit die „Het Volk” met generaals Botha, Smuts en die ander Afrikaner-leidsmanne. Aan die Opposisiekant word die voorbanke beklee deur die mense wat ná die Jameson aanval ter dood veroordeel en later deur Paul Kruger begenadig is. Hulle was nou Sy Majesteit se Opposisie of „alternatiewe regering” saam met die res van die Unioniste Party.

DIE PRYS

Om hierdie parlementêre of te wel partystelsel in te voer was dus 'n Anglo-Boereoorlog en die verbreking en skending van 'n sierlike historiese ou gebou nodig. „Eendrag maak Mag” moes plek maak vir „Verdeel en

Hierdie blik op die Unie-parlement spreek van die beginsel Verdeel en Heers. Hier is die volksvertegenwoordigers, volgens Britse patroon, in slagorde opgestel teenoor mekaar. Dit spreek van tweedrag.

Heers”. Later sou hierdie Parlement plek maak vir 'n Provinsiale Raad — 'n oefenskool vir die Unie-parlement. Hier word jong Afrikaanse politici, aanvanklik met „Eendrag maak Mag” in hulle harte, opgelei en geëf in die geheimenisse van die Britse parlementêre stelsel. Dat hierdie goeie materiaal gewoonlik later gebruik word om 'n „Verdeel en Heers”-stelsel te bestendig, word dan toegeskrywe aan die inherente slegheid van die Afrikaner „wat maar nooit EEN wil word nie.”

NOG MEER

Die ou Goewermentsgebou moes egter nog verder verbreek word om aan te pas by die parlementêre stelsel. Net agter die balkon waar President Kruger sy redevoering gehou het, was die koffiekamer in die dae van die Republiek. Dit was maar 'n betreklike klein vertrekke aangesien dit hoofsaaklik gebruik is vir die drink van koffie. Toe daar 'n Parlement kom was daar behoefte aan iets groter en iets nader. In een van die vleuels van die gebou is toe tien kantore uitgebreek om plek te maak vir 'n nuwe reusagtige koffiekamer.

Om van die parlamentsaal in die koffiekamer te kom, moet mens deur die geskende Tweede Volksraadsaal gaan. Oor die trappe buig 'n groot borsbeeld van Kruger — asof hy snik.

ONDER DIE VERF

Toe ons so deur die gange van die ou gebou wandel sien ons 'n deur met 'n briewegleuf daarin. Nieteenstaande al die lae verf kan mens nog duidelik die letters sien

Brievens Telegrammen voor Staatsekreteraris.

Die Transvaalse Provinsiale Raad is besig met stappe om die Britse wapen op die voorgewel van die gebou weer te vervang deur die ou republikeinse wapen.

Hiervoor verdien hulle alle lof. Iets is van ons weggeëm en hulle herstel dit.

Toe ons die borsbeeld van Kruger aanskou wat so afkyk in die gat in die vloer van die vroeëre Tweede Volksraad — af na die Provinsiale Raadsaal was dit of daar iets binne skryn. 'n Volk gevange in die ewige vloed en eb van die parlementêre stelsel — 'n volk wat nie besef wat van hom weggeëem is nie — 'n volk vir wie die skilde van koper net so blink soos die skilde van goud!

Met 'n hartlike handdruk vir ons gids, wat die gebou in die ou dae geken het, het ons verder gegaan.

Ontwapende Staatsmanne

In antwoord op die verwyte van min. Havenga dat hy nie veel gedoen het om hom te help in sy pogings om Suid-Afrika se geldelike posisie te red nie, het genl. Smuts as volg geantwoord:

„As leier van die opposisie kon ek niks anders doen nie as praat. Ek is 'n ontwapende man.”

Hierdie verwyte en antwoord laat die lig val op die volkskadellike beginsel van die Britse partypolitieke stelsel wat een deel van die volksvertegenwoordigers uitsluit van alle mede-verantwoordelikhed van die staatsbestuur. Hulle is dan „ontwapen” van alle verantwoordelikhed en raak die mees skadelike praatjies kwyte. Omdat genl. Smuts in die „woestyn verkeer.”

In die Republikeinse stelsel was daar geen opposisie of opposisieërs nie en elke verkose volksraadslid het gedeel in die verantwoordelikhed van die landsbestuur, en het daarom op verantwoordelike wyse meegewerk.

Maatreëls Wat Volk Verwelkom

Te midde van die partypolitieke stof wat in die parlement opgeskop word, het die regering met 'n paar prysenswaardige maatreëls voor die dag gekom wat hierdie sitting klaarblyklik op die wetboek geplaas sal word. Twee wetsontwerpe is deur die Minister van Justisie ingedien, naamlik 'n wetsontwerp tot wysiging van die ontugwet sodat gemeenskap tussen blankes en alle nie-blankes strafbaar sal wees. Voorasnog het die wet net betrekking op natuurlike gehad.

Die tweede belangrike wetsontwerp is die afskaffing van die appèl na die Britse Geheime Raad. Hiermee sal die regering die vernederende toestand dat sy burgers na 'n vreemde hof in hoër beroep kan gaan, uit die weg ruim.

'n Derde wetsontwerp, wat die goedkeuring van alle blankes en inheemse nie-blankes behoort weg te dra, is die voorneme van die Minister van Binnelandse Sake om perk en paal te stel aan Indiër-indringing in Kaapland deur uitbreiding van die vaspewet van Natal ook tot hierdie provinsie.

Miljoene Sakke Aartappels Word Vernietig

Die Amerikaanse regering het besluit tot die vernietiging van meer as 25,000,000 boesel aartappels ten einde die nodige pryse te handhaaf wat hy aan die boere gewaarborg het.

Hierdie kapitalistiese stukkie staatsbestuur het soos 'n skok deur die wêreld gegaan, veral die dele waar daar nog vandag honger gely word. Die gebeurtenis word dan ook van Kommunistiese kant aangegryp vir propagandadoeleindes — ook in die Suid-Afrikaanse pers waar toesprake in die parlement so pas gewys het op hongerlydende naturelle in Oos-Kaapland.

Die kapitalistiese gebruik om voedsel te vernietig ten einde pryse hoog te hou, vind nie altyd die publisiteit wat aan die Amerikaanse besluit verleen word nie. Gewoonlik word

hierdie misdaad as 'n strenge geheim bewaak.

Churchill Kla Oor Partypolitiek


„Ons is as 'n volk diep verdeeld. Klasoorlog het die eenheid en kameraadskap wat ons deur die oorlog gehelp het, geskeur. Dit is onvermydelik dat partypolitiek die verkiesingstoneel sal oorheers,” het Winston Churchill verlede week gekla.

'n Paar dae tevore het hy saam met 'n groot aantal ander politici 'n bidstond bygewoon waar gebed is dat die verkiesing sonder bitterheid moet plaasvind.



Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD



Wapenskild van CERES

Die leuse by hierdie voorbeeld van moderne hera diek beteken, „Die bekoring van die plek lok ons aan”. Hierdie leuse is besonder gepas vir Ceres, „Die Switserland van Suid-Afrika”, beroemd ook vir sy sagtevrugte, en sy natuurlike b'ommeprag. Ewe gepas vir 'n eg Suid-Afrikaanse produk is die naam Kommando-sigarette. Die uitstekende tabak wat vir hierdie sigarette gebruik word, is nog steeds en was a'tyd, die keur van ons eie Suid-Afrikaanse tabakopbrengs en word deur deskundiges so vermeng dat dit in die smaak val van die Suid-Afrikaanse roker.


RONDE
Kommando



In naam en tradisie,
'n eg Suid-Afrikaanse sigaret

Koop Suid-Afrikaans—
—KOOP KOMMANDO

20 vir 1/-
50 vir 2/4



VOEG DAAD NOU BY DIE WOORD

Vir die tweede agtereenvolgende sitting het die parlement die wenk ter oorweging gekry dat die kleurvraagstuk uit die partypolitiek gelig moet word. Vir die tweede agtereenvolgende sitting het die leiers van al die groot partye die gedagte in beginsel onderskryf, maar ook vir die tweede agtereenvolgende sitting het daar van die wenk niks tereg gekom nie. Die wenk, hierdie keer deur min. Havenga aan die hand gedoen, sal maar sy plek vind tussen die res van hierdie soort pleidoioe wat die afgelope jare in die parlementêre argiewe opgeneem is vir veilige bewaring.

In sy toespraak tydens die wantroue-debat het mnr. Havenga weereens sy standpunt beklemtoon dat die regte van die nie-blanke alleen gewysig kan word indien daar so 'n groot meerderheid gevind kan word dat dit as waarborg sal dien dat 'n eventuele bewindsverandering nie die maatreëls weer ongedaan sal maak nie. Mnr. Havenga het, nadat hy van genl. Smuts die versekering gekry het dat ook hy vir die beginsel staan dat geen wetgewing die posisie van die blanke uiteindelik in gevaar mag stel nie, die enigste logiese oplossing aan die hand gedoen, naamlik, dat die vraagstuk dan deur die partye gesamentlik ondersoek en aangepak moet word. Mnr. Havenga het beklemtoon dat hy as leier van 'n party wat tussen die ander twee staan, bewus is dat daar voldoende gemeenskaplike grond ten opsigte van kleurbeleid tussen die Herenigde Party en Verenigde Party bestaan om 'n gesamentlike aanpakking moontlik te maak. Hierdie stelling word onderskryf deur dr. Malan se toespraak verlede jaar toe hy 'n bepaalde voorstel in die rigting gedoen het. Dr. Malan het aangehaal uit die amptelike beleid van die Verenigde Party om aan te toon dat die party ook staan vir „afsondering” van die rasse en vir „die leierskap en die gesag van die blanke.”

WAT HINDER?

As dit dan so is dat daar geen diepgaande beginselverskille tussen die partye is nie, soos die leiers self erken, wat verhinder dan dat die vraagstuk op 'n volksgrondslag aangepak kan word? Verlede jaar het genl. Smuts die Eerste Minister se voorstel na daelange oorweging van die hand gewys. Ten opsigte van die voorwendsel vir sy weiering bestaan daar vandag by die leiers reeds soveel onduidelikheid dat dit klaarblyklik moet wees dat die aangegeve rede nie die werklike was nie. Terwyl genl. Smuts beweer dat die voorstel misluk het omdat dr. Malan geweier het om 'n waarborg te gee dat die verskanste klousules onaangestas sal bly, beweer dr. Malan dat genl. Smuts „apartheid in toto” verwerp het.

WITVLAK BINNE BOM

Watter voorwendsels genl. Smuts ookal vir sy weiering verlede jaar aangevoer het, die grondoorsaak van sy weiering lê die feit dat die voorstel tot hom gerig is as 'n speerpunt binne die partypolitieke arena. Dr. Malan se voorstel was 'n baie slim partypolitieke set om sy teenstander se wind uit sy wantroue-mosie te slaan. Maar juis daarom kon by voorbaat al aangeneem word dat genl. Smuts die voorstel sou verwerp—'n voorstel vir wapenstilstand word nie by wyse van 'n brisantbom na die vyand geskiet nie; daarvoor is 'n witvlak nodig.

En dit is ook die moeilikheid met mnr. Havenga se wenk—want verder as 'n wenk het dit nie gekom nie. Hoe eerlik ook al bedoel, die feit bly dat dit geskied in die hitte van die stryd op 'n stadium wanneer die politieke partye binne die sentrale arena in aksie is voor die oë van die volk. Om uitvoering te gee aan 'n wenk soos hierdie is daar 'n ander atmosfeer nodig as dié wat heers binne die parlement met sy teenoor-mekaar-opgestelde loopgrawe. Watter leier die voortou ook al gaan vat, hy sal dit buite die geniëpsige atmosfeer van die parlementêre debatteer-saal moet doen, en wel by wyse van persoonlike gedagtewisseling.

KALME BERAAD

Miskien is mnr. Havenga die aangewese persoon om as tussenganger op te tree. Na soveel verklarings van eenstemmigheid oor die noodsaaklikheid dat die kleurvraagstuk buite die partypolitiek opgelos moet word, is dit tyd dat iemand nou die daad by die woord voeg en die begeerte om dit te doen self van politiekery bevry. Laat die leiers op kalme wyse agter geslote deure bymekaar kom en die saak uitredeneer—nie met die doel om later korrespondensie teen mekaar te publiseer as nuwe ammunisie nie, maar as 'n eerlike poging om die vraagstuk wat die volk met soveel onrus vervul, eens en vir altyd vanuit 'n volksogpunt te benader. Laat die partye ooreen kom om die aangeleentheid nie meer binne die koukusse te behandel nie, maar dit onbevooroordeeld te benader in die lig van elkeen se gewete—soos in die woorde van die huidige Eerste Minister gestel:

„As jy dit sou doen dan lig jy die hele saak uit die partypolitieke arena. Dan maak jy daarvan 'n nasionale saak. Dan skakel jy uit by die bespreking daarvan, by die oorweging daarvan, alle partygevoel en jy skakel uit die behaal van alle partyvoordeel: met ander woorde jy maak die verskillende partye wat hier is daardeur los van die tirannie van die partysweep. Jy stel hulle in vryheid om die saak te beskou en om te handel ooreenkomstig hulle eie oortuiging en die oortuiging van hul kiesers.”

Dit was vir genl. Hertzog moontlik om hierdie vraagstuk uit die partypolitieke arena te lig; is daar dan geen politikus vandag groot genoeg om dieselfde te doen nie?

Brief Aan My Partyvriend:

Bereken Jou Kanse Voordat Jy 'n Monster Ontketen

Geagte Vriend,

Jy skryf vir my dat jy mnr. Havenga se houding ten opsigte van kleurwetgewing nie kan goedkeur nie en dat jy ook nie kan begryp hoe d i e Ossewabrandwag hom met so 'n standpunt kan vereenselwig nie. Jy meen dat as die half aan die verdrink is, mens moet gryp, al is dit net met een vinger. Daarmee bedoel jy natuurlik dat as die kleurvraagstuk dreig om hande uit te ruk, mens dit desnoods met een stem moet „oplos”.

Laat ek nou eers begin deur te sê dat die Ossewabrandwag 'n selfstandige koers volg en as organisasie geensins aan die Afrikanerparty of die se beleid gekoppel is nie. As die Ossewabrandwag dus die een of ander standpunt van mnr. Havenga as billik of gesond aanvaar, is dit bloot alleen op grond van die feit dat mnr. Havenga se houding op daardie bepaalde punt ooreenstem met 'n beginsel van die Ossewabrandwag. Nou, soos ek dit sien, en soos sowel dr. Malan en mnr. Havenga verklaar, is daar geen verskil tussen die twee partye ten opsigte van die beginsel van segregasie of „apartheid” nie. Die verskil gaan net oor die metode om daardie beginsel prakties toe te pas. Dieselfde geld vir die Ossewabrandwag, wat staan vir die beginsel van algehele skeiding tussen die rasse.

BAIE MAGTIG

Maar hierdie blote beginsel is so magtig dat mens dit alleen met die allerkragtigste middele toegepas sal kan kry. Deur te peuter daarmee, sal jy die toestand net vererger. Dit is wat mnr. Havenga wil voorkom. Mnr. Havenga is bang dat as die Nasionale regering nou daartoe sou oorgaan om sekere politieke regte weg te neem met 'n geringe party-meerderheid, 'n volgende regering daardie regte weer met 'n geringe meerderheid sal herstel, en wat meer is, nie net herstel nie, maar stappe sal doen om sy eie posisie met behulp van nie-blanke stemme dermate te versterk dat dit nooit weer moontlik vir die opposisie sal wees om aan bewind te kom nie. Want kyk, as jy eenmaal die beginsel aanvaar dat 'n politieke party met die politieke regte van seksies van die bevolking na hartelus kan peuter, dan is die weg oop vir alle partye na almal se regte.

REKEN EERS UIT

En as dit so is, is dit verstandig dat daardie party wat die eerste begin lol met politieke regte eers moet bereken wat sy kanse teenoor die ander is indien elkeen die reg gaan kry om politieke regte te wysig. En hier is dan 'n baie eenvoudige sommetjie:

Hoeveel natuurlike-stemme in die volksraad kan die H.N.P. vandag tot niet maak en so-doende sy eie of die blanke posisie verstewig?

Antwoord: Net DRIE.

Hoeveel natuurlike-stemme kan die Verenigde Party weer in die volksraad invoer, indien hy oor drie jaar aan bewind kom?

Antwoord: Enigiets van een tot SESHONDERD.

EG DEMOKRATIES

Hoe ek hierdie antwoord kry? Kyk, daar is meer as tien miljoen natuurelle in die Unie teenoor iets meer as 2½ miljoen blankes—d.w.s. vier maal soveel natuurelle as blankes, en enige party kan die argument gebruik dat as 2½ miljoen blankes 150 verteenwoordigers in die volksraad het, die 10 miljoen natuurelle in aller billikheid 600 verteenwoordigers moet hê. So 'n besluit sal deur sowel Amerikaanse as Russiese politici toegesig word as 'n suiwer manifestasie van die demokrasie!

Dit is nog nie die enigste wat 'n kwaadwillige politieke party aan bewind kan aanvang nie. Daar is nog die Indiërbevolking van 'n kwart miljoen—binne 'n dekade klaarblyklik meer as 'n miljoen. Aan hulle kan dus ook 'n volksverteenvoorder of vyftien toegeken word.

MINDER KIESAFDELINGS

Benewens hierdie onbeperkte stemme-reservaat vir enige liberalistiese party is daar nog ten opsigte van die blankes alleen die kwessie van stembelading van die kiesafdelings. Soos jy weet is die platteland, en dus die Afrikaanse deel, vandag begunstig wat die aantal kiesafdelings betref. As die pad oopgemaak is dat aan politieke regte gepeuter kan word deur afsonderlike partye, lê dit voor die hand dat die Verenigde Party by sy bewindsaanvaarding dadelik daartoe sal oorgaan om die stemme-lading so te verander dat 'n groot aantal plattelandse kiesafdelings sal verdwyn om aan die stede gegee te word. Dit kan die posisie van enige nasionale party meer diepgaande tref as die wegneem van die kleurlingstem in die Westelike Provinsie die Verenigde Party kan tref. Met laasgenoemde stap hoop die H.N.P. om 'n agt of nege Bolandse setels te beveilig—'n getal wat weer sal krimp teenoor die twee of drie Kommuniste wat dan deur die kleurlinge as groep na die parlement gestuur sal word. Die wegneem van slegs vyf plattelandse setels ten gunste van die stede daarenteen kan die Verenigde Party se posisie met tien in die parlement versterk. En Piketberg kan baie maklik een van die vyf wees wat verdwyn!

HUIWER

Ek het nou vir jou die moontlikhede geskets wat kan ontstaan wanneer daar eers met die grondwet en die politieke regte van mense binne die huidige parlementêre stelsel op eensydige wyse gepeuter word, met ander woorde wanneer daar van hierdie dinge partypolitiek gemaak word.

Dit is daarom dat mnr. Havenga so huiwerig is om sy toestemming vir so 'n reisie tussen die partye te gee.

Ek dink, my vriend, dat daar teen hierdie tyd 'n hele paar koue rillings langs jou ruggraat opgehardloop het by die blote gedagte aan watter magte daar ontketen gaan word sodra die partypolitiek die oorhand oor die rede op hierdie gebied gaan kry.

Maar nou sal jy vra of ons dan maar moet stilsit en kyk hoe die half verdrink?

DALK 'N KROKODIL

Nee, ons moenie stilsit nie, maar laat ons eers seker maak dat die half wel aan die ver-

drink is, en of ons hulppoging nie dalk hom gouer sal laat verdrink en ons saam met hom nie, soos ek hierbo aangedui het. Laat ons eers vir ons 'n deeglike tou vleg voordat ons met die reddingswerk begin, en boonop baie seker maak dat ons wel 'n kalf red en nie 'n krokodil met ons eie liggame voer nie. Ek het aan die begin gesê dat ons met 'n magtige vraagstuk te doen het en dat ons derhalwe kragtige wapens nodig het. 'n Mens probeer nie 'n leeu van kant maak as jy net 'n voëlrek het nie. Jy wapen jou eers behoorlik, en dit is 'n saak waarvoor ons volgende keer kan gesels. Dan sal ek praat oor die O.B. se houding.

Denazifikasie 'n Mislukking

Onderstaande berig uit Duitsland is afkomstig van die korrespondent van Forward:

„Dit was duidelik dat die ou man met die rooi gesig in die kroeg van 'n openbare plek naby Stuttgart te veel drankies in gehad het. Onseker het hy op sy voete gekom en, te midde van 'n afgryslike stilte, 'n vurige Nazi-salut gegee en die Horst Wessel-lied (die lied van die Nazi-party) aangehef.

Die eintlike ding waarop dit aankom in hierdie buitengewone berig uit Bisionië, is dat die singer die voorsitter is van die denazifikasiehof van daardie streek—en sy pos nog behou. Dit is moeilik om 'n beter voorbeeld te kry van die algehele mislukking van denazifikasie.”

Gevolge van Veto

(vervolg van bladsy 5, kolom 5)

siale raad en deur die H.N.P. geweier is, en ook die geval van mnr. Michiel Elof van Ventersdorp.

En nou noem ons vriend politikus dit bogtery! Ja bogtery was dit, maar die doring was in eie vlees en die pasiënt wat melaats was het die gesonde en eerlikbedeelde geneesheer as melaats aangesien.

Elke O.B. het gevoel dat hy as 'n egte nasionaalvoelende onderdeel van die Afrikanervolk sy gewig by die A.P. sowel as die H.N.P. moes ingooi teen die aartsvyand van die nasionaalvoelende deel van die Afrikanervolk en veral die aartsvyand van die O.B. (want was dit nie die O.B.'s wat in die kampe en tronke van die oorlogshiters moes boet en bitterlik sware leed moes verduur terwille van hul politieke oortuiging nie!)

Vergeet die sogenaamde skrywer (of sy kollega) van daardie rubriek dat hy net voor die verkiesing van die provinsiale raad in 1948 in dieselfde rubriek (sien Januarie 1948 se uitgawe) 'n aanval geloods het op die Kommandant-generaal van die O.B. en hom uitgekryt het vir 'n verraaier! Hy het ook die O.B. se doodvonnis in daardie blad uitgespreek.

Dis nie nou tyd om verwyte te maak nie. Ons, as O.B.'s, raai alle H.N.P.-politici aan om betyds hul oë oop te maak vir gebeurlikhede waarvoor hulself die skuld dra. Melk wat gestort het, is verlore. As dit die houding van die politici aan die kant van die H.N.P. mag wees soos wat hulle in die verlede ingeneem het, dan voorspel ek vir hulle nog 'n groter neerlaag.

Ongelyke Mate Binne Een Volk

Mnr. A. L. de Jong, Robertson, skryf:—

Dit gaan by my nie om die pret om 'n brief aan 'n koerant te rig nie. Wie sy gedagtegang i.v.m. lands- en volksbelange oor verloop van baie jare geformuleer het, raak angstig wanneer die partypolitiek 'n volk laat gis oor wat te wagte mag wees en nie opdaag nie. Gewoonlik lei samewerking tussen twee partye tot struikelblokke.

My gedagtegang (mits u geneë is om dit op te neem) wat telkens verstoord raak, sal ek in korte trekke opnoem:

In 1895, ten tyde van die opbloeit van die bolandse rytuigfabrieke, het die openbare mening sterk oorgeel na die opbou van 'n „blanke knegstand”. Die nie-blanke standpunt was destyds: tevredenheid met laer loon om van 'n verdienste verseker te wees; ek kon hulle dit nie kwalik neem nie. Beide beskouings het ons wetgewers koud gelaat en die onverskilligheid teenoor die twee standpunte bestaan vandag nog want hoewel Kaapland 'n ordonansie het wat 6/16 Std. VI 6/16 jaar as skoolverlaatoederdom erken en die Uniale Wet Kinderarbeid toelaat vanaf die 16de jaar, kan die nie-blanke voor sy 16de jaar en sonder skoolkwalifikasie tot die ambagte toetree. Dit beteken dat die geskoolde arbeidsveld vir die nie-blanke oopbly.

In 1903 was die Transvaalse standpunt Arbeid Adelt; 'n vereniging met dié welluidende naam is gestig, maar verongeluk toe die blanke knegstand die waarde van maatskaplike planmatigheid leer besef het.

In 1911 kom die veragtering en verarming van die blanke onder die vergrootglas maar word gerieflik gewy aan die strawwe wet van die natuur, die oorlewing van die geskikste.

Buitestaanders het 'n Carnegie-kommissie in lewe geroep en 'n lywige stel boeke het die lewenslig gesien; dis al.

Stakings was aan die orde. Die drukkersbedryf wat swaar daarop gely het, het gesorg vir die opstel van die nywerheidsversoeningwet, wat net voor die val van die Smutsregering in 1924 op die wetboeke geplaas was. Die Nasionale Party sorg vir 'n Loonwet in 1927 en daarna volg die masjineriebeheerwet en die wet op winkel- en kantoorure, en niteenstaande die bestaan van al die wette is die blanke nog nie beskerm deurdat die nie-blanke sonder skoolsertifikaat en op enige ouderdom diensvaardig kan raak. Wat die jongmense van blanke Suid-Afrika betref, kan hulle eers op 22-23-jarige leeftyd volloons stadium bereik terwyl die immigrant, wat op 14-jarige leeftyd in werk getree het en op 19-jarige ouderdom gewapen word met 'n sertifikaat wat getuig van sy vakkundigheid, ons land binnestroom.

Ons kinders wat nie verder as Std. VI wil of hoef te leer nie moet in baie gevalle vanaf hulle 13e en 14e jaar wag om diensvaardig te kan word.

Niteenstaande die krete van „Social Security” van die een politieke groep en die „maatskaplike beplanning” van 'n ander groep, word lewensduurtoeslag uitgekeer na willekeur. Die spoorwegaarbeider ontvang £10/6/8 per maand aan l.d.t. (lewensduurtoeslag), die stasiemeester £17/6/8, die magistraat- en poskantoorklerk enige bedrag bo £10/6/8. Daarenteen ontvang die amptenaar van die munisipale, afdelingsraad, kerk- en ander kantore £4/15/4. Die motorwerkkundige ontvang £4/15/4 l.d.t. per maand en die drukker £15.

Die wat £4/15/4 ontvang wil weet of hulle dan nie net so duur uit die winkels, slaghuise, bakkerie, vis- en groentewinkels eet nie; hulle gaan verder deur te sê dat hulle niks van vrystelling van inkomstebelasting dink nie, hulle verkies om ook van £124 tot £240 l.d.t. per jaar te ontvang (inplaas van £57/4/-) om ook tot die landkas te kan bydra.

Daar is vakrade wat die gebiedslone van 1939 erken en tog die l.d.t. van die hoogste loongebiede op die laagste loongebiede toepas, terwyl die loonbepalery kragtens die winkel- en kantoorurewet in baie stedelike samelewings nie van toepassing is nie.

Weet u, mnr. redakteur, dat 'n fabriek kragtens die nywerheidsversoeningwet drie maal soveel aan l.d.t. kan uitkeer aan sy arbeiders as aan die persoon wat die administratiewe afdeling wat onder die winkel- en kantoorurewet val?

En tog verlang die politieke groepe dat die werknemer hom op hulle moet verlaat, welwetende dat die arbeidersparty net in naam bestaan.

Afsydigheid en afkeuringheid van die volk neem toe en word dit vir my duidelik dat, tensy 'n gesonde maatskaplike beplanning die gesamentlike aandag van die H.N.P., A.P. en die V.P. geniet, die kans vir kommunistiese rigtings bloot lê.

In nou verband met 'n gesonde nuwe orde staan apartheid wat egter met 'n verskil in loonstelsel, die bodem van die 1895-verlangde-opbou van 'n blanke knegstand inslaan.

DIE REGTE GEES

Mnr. J. Bezuidenhout, Ohrigstad, skryf:—

Gisteraand het ek, of liever ons huisgesin, ingeluister na die toesprake van ons Eerste Minister, dr. Malan, min. Havenga, ens., na die opening van die parlement. Het ons as 'n swaar geteisterde volke in die afgelope 50 jaar nog nie die les geleer om verdraagsaam te wees teenoor ons naaste nie, wit en swart? Laat ons tog die gees wat op Monumentkoppie geheers het, nie uitblus nie. Kyk hoe wonderbaarlik het God ons gehelp.

Ek is gebore in 1876 in die distrik Oudtshoorn, en ek het 22 jaar lank onder die Britse vlag gelewe en gedien as „Town Guard” en soldaat. Maar in April 1899 het ek vir hulle „totsiens” gesê en na Oom Paul gegaan as burger van die Suid-Afrikaanse Republiek. En nadat ek die Driejarige Oorlog deurgemaak het, stry ek tot vandag toe nog vir 'n vrye volk en 'n wit Suid-Afrika soos ons onder president Kruger en Steyn gehad het en soos die wette van wyle genl. Hertzog neergelê het. Daarom stem ek saam met dr. Stals, Minister van Volkswelsyn, soos in Die O.B. van 18 Januarie berig, naamlik dat ons houding teenoor die kleurlinge deur 'n gees van Christelike voogdyskap bepaal moet word.

Mag die Here ons regering help om hul veleisende werk in die regte gees te verrig.

SEDERT 1948 is 5,100,000 sak mielies uitgevoer. Die prys wat verkry is het gewissel van 30s. tot 45s. 3d. per sak. Die wins was ongeveer £4,060,000, volgens antwoord van die Minister van Landbou in die parlement.

Soos Ons Lesers Dit Sien

KOL. WYNNE AS AFRIKANER

Adv. Roché Pohl, Port Elizabeth, skryf:—

Vir jare is ek al 'n intekenaar op u blad, en wyl ek nie altoos saam met u kan gaan in u kritiek oor verwante liggame wat ook aan die Afrikanerdom behoort, kan ek ook nie altoos saamgaan met die kritiek wat oor u blad uitgereik is nie.

Ek soek graag na die waarheid, en vind dit besonder jammer dat redakteurs van ons Afrikaanse blaie so dikwels dinge publiseer wat selfs onwaar is net om 'n gevoel op te sweep teen een of ander persoon of liggaam. Daardeur word soveel kwaad gesaai met noodlottige gevolge vir ons groot strewe om alle blanke seksies in ons samelewing, wat ons leuse van „Afrika Eerste” ondersteun en wat ons taal eerbiedig, saam te snoer in 'n magtige eenheid.

Daarom was dit dan vir my verskriklik pynlik dat ek in u blad van 25 Januarie onder die opskrif „Nuwe Senatore” so 'n skrikwekkende afwyking van die waarheid moes lees.

Daar was geen nominasiestryd nie, en mnr. Nigrini het dadelik teruggetrek toe hy gehoor het dat kol. Wynne bereid was om as die H.N.P. kandidaat op te tree. Tweedens, neem kennis dat dit vir kol. Wynne absoluut onverskillig is of hy Afrikaans of Engels praat. Dit is te verduidelik hoe tweetalig hierdie Afrikaner van Ierse afkomst is.

Die Wynne-familie is nou in hulle vierde geslag in Suid-Afrika vanaf die oorgrootvader uit Ierland gekom het.

Kol. Wynne het vir Afrikanerdom in Port Elizabeth meer gedoen as enige ander Afrikaner van Duits, Frans of Hollandse afkoms. Hy het grootliks bygedra om die Afrikaners te organiseer en self-respek, eie-waarde, en selfstandigheid in te boesem en die waarde van deugdelikeheid en dissipline te laat posvat onder ons jongere mense. Waar daar iets te doen moet word tot die opheffing van die Afrikaner in Port Elizabeth, daar is kol. Wynne te vinde.

Tweemaal in die jongste verlede het hy 'n kiesafdeling hier geveg met die fakkel van Afrikanerdom in sy hand in sy strewe na reg en geregtigheid, en op al sy vergaderings het hy Afrikaans gepraat.

Dit is die man waaroor u berig handel.

Dit is die eentalige Engels-sprekende Katoliek.

Die Katoliek wat saam met sy edele die Eerste Minister, saam met die Minister van Finansies, die leier van die Afrikaner Party, en saam met die Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag een God dien—Christus. Vreë hierdie feite nie 'n amende honorable?

[Ons is ons geagte korrespondent dankbaar vir sy inligting omtrent kol. Wynne en ons publiseer dit graag. Die feit dat dr. Malan dit nodig geag het om op sy Paarlse kongres, waar kol. Wynne teenwoordig was, Engels te besig, skep die indruk dat ook die leier van die H.N.P. onder 'n misvatting was betreffende die Afrikaanssprekendheid van kol. Wynne.

Wat die feite omtrent die nominasie van 'n senator betref, daarvoor is botsende verklarings van H.N.P.-kant totsover gedoen, sodat die publiek nog nie weet wat waar is nie.—RED.]

GEVOLGE VAN DIE VETO-BELEIED

Mnr. N. J. Kotzé, Bloemfontein, skryf:—

Hier voor my lê Die Volksblad wat vanmôre (Saterdag, 28 Januarie) verskyn het. In sy rubriek: „Ons Gesels Politiek,” lees ek die volgende (dit gaan oor die verkiesing van senatore):—

„'n Kaaplandse senator is met 55 stemme teen 54 verkies—'n Sap omdat die Verenigde Party in die Kaaplandse kieskollege die meerderheid het. As by die algemene provinsiale raadsverkiesing 'n drie dosyn nasionaalvoelendes in die kiesafdeling Paarl terwille van die groot saak gaan stem het en hulle nie met bogtery opgehou het nie, dan was dit anders. Maar hulle het van die stembus weggebly en Paarl is met 34 stemme aan die Sappe afgegee. As dit anders was, dan sou ons 'n nuwe senator met 55 stemme teenoor 54 kon gekies het. Dan het ons nou 'n meerderheid van vier in die senaat gehad, nl. 24 teenoor 20 van die gekombineerde opposisie. Dis dinge wat elke Afrikaner moet onthou as daar ooit weer 'n verkiesing kom.”

'n Mens waardeer sulke woorde, maar aan die ander kant vra 'n mens jou self af: is die skrywer van die aangehaalde paragraaf ernstig wanneer hy so praat, of verkeer hy in onkunde? Ek glo dat hy nie in onkunde verkeer nie. Hy, as politikus, is seker net so op hoogte van die toestand gedurende die parlementêre sowel as die provinsiale verkiesing as daardie mense (of kiesers) op wie hy skimp.

Die kiesers wat die kiesbus geignoreer het, het met leed-

wese daardie stap gedoen. Dit was vir daardie nasionaalvoelende element 'n baie pynlike oorweging om die stembus te vermy. Maar dis 'n uitgemaakte saak. Dr. Malan het duidelik verklaar: die H.N.P. kan nie sy steun toesê aan A.P.-kandidate wat tegelyk ook lede van die O.B. is nie. Nou word daar geweens en skimpe uitgedeel omdat die O.B. nie soos een man na die stembus opgetrek het om vir die party te stem wat sy doodvonnis uitgespreek het.

Begryp jou, as iemand jou vir 'n rampokker bestempel dan moet jy neerbuig en hom in die naam van sy majesteit die koning salueer, en so grootmoedig wees om hom nog 'n liefdeskus boonop op die koop toe te gee!

Vergeet die wenende politikus dat generaal Max Smuts van die afdeling van Paarl van die O.B. in 1948 gedurende die verkiesing van platform tot platform die sittende H.N.P.-lid gesteun het en hy daardeur gesorg het dat elke O.B. se stem agter die sittende parlamentslid uitgebring is, maar in 1949 is dieselfde mnr. Smuts deur die H.N.P. geweier as kandidaat van die A.P. omdat hy O.B. is?


Vergeet hy dat op Brakpan dieselfde vyandelike houding ingeneem is teenoor adv. Vorster (wat namens die A.P. en deur min. Havenga goedgekeur is)? Vergeet hy en noem hy dit ook bogtery, toe mnr. Verwoerd (nou senator) in Die Transvaler adv. Vorster alle steun van die H.N.P. ontsê het omdat hy (adv. Vorster) lid is van die O.B.? Daar is ook nog Mosselbaai waar mnr. Francis Robertson deur die A.P. genomineer is as kandidaat vir die provinsiale (vervolg op bladsy 4, kolom 5)

„Die BESTE tabak is in Rembrandt”

sê

Mnr. W. J. Bronkhorst,
vooraanstaande tabakboer van
POTGIETERSRUST.

Wenner van die
Rembrandt - beker
vir die „Room van
die Oes”-oond-
droogtabak.



„Dit is vir my 'n groot genot om te sien dat alleenlik die beste van ons oes in Rembrandt verwerk word. As ou tabakboer het ek dus lankal Rembrandt my keuse gemaak.”



W. J. Bronkhorst

Die Rembrandt-korporasie maak net EEN soort sigaret—die room van die oes gaan daarin. Die Rembrandt-naamtekening op elke sigaret is u waarborg van kwaliteit. Let daarop!

Rembrandt
ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK
WIT VIR FILTER

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.
Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.
Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

HUWELIK

SMAL—DELPORT. — Hiermee maak ons, Trynle, oudste dogter van mnr. en mev. Faan Delport, Hammansdal, Caledon, en Christiaan, seun van mnr. en mev. Willie Smal, Rietfontein, Caledon, aan familie en vriende bekend dat ons op 16 Februarie 1950, om 3 nm., in die N.G. Kerk, Somerset-Wes, in die huwelik tree. Geen kaartjies. Ontvangs: Grand Hotel, Somerset-Wes. 8/2/1.

GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van Premiers, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

UIESAAD: Goewermments-Gesertifiseerde Saad 1949/50-oes. Vroeë Kaapse Plat, Australiese Bruin, Silver King, Kaapse Strookleur, en Copper King Uiesaad teen 9/- per lb. Greenfeast Saaderte f6 10s. per 200 lb. sak. Chantenay Wortel, Detroit en Egiptiese Plat Beet 6&6 per lb. Skryf aan ons vir 'n volledige pryslys van groentesaad en plaassade. Kango Saadkweekers, Posbus 107, Oudtshoorn. 1/2/TK.

MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. A/1/9/49

Duisende is reeds van hulle kwale bevry. Talle vind daaglikse baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

GRYSHARE

GRYSHARE herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg GRYSHAARWONDER, die jongste kunsmatige wereldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. C/1/9/49

MARK AGENTE

Kamerade! Aandag! Stuur al u produkte aan U. S. Beltingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A.” Foon 1063. As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswillig. 21/9/TK

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —VISSEER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435

SOUT

SOUT vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 50/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredeheid gewaarborg. Adres: Komde. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloot, Bloemfontein. 19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg:—

Spesiale sneeuwit 80/- per ton. Sneeuwit No. 1 70/- per ton. Wit No. 2 60/- per ton. Wit No. 3 50/- per ton. Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredeheid en dadelike aflewering, probeer:— M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloot, Bloemfontein.

TEE

Spesiaal gekweek, suiwer, eerste-graad Cederberg-Rooibossee. Beroemd vir sy besondere geur en voordeligheid. 10 pond-pakkies vir 28/6 (Posvry binne Unie). K.M.B. Ook aan Handelaars teen Groothandelsprys. Verpakker: „Teekoning”, Citrusdal, K.P. 7/12/3.

TE KOOP

Arbei plantjies: Plant nou. 4/- per 100; 25/- per 1.000. —J. Ras, Korntie Rivier, Riversdal, K.P. 8/2/1B.

BATTERYE SPAAR!!! SPAAR!!!

Waarom sal u so baie geld spandeer aan nuwe batterye. Kry meer diens uit u ou batterye. Verleng die lewe van u nuwe batterye. Gee nuwe lewe aan u ou batterye. Wil dit nie krag hou of laai nie. Bestel 'n behandeling 8/- posvry waarmee u ongeveer 4 batterye of meer kan behandel. Baie prys dit aan. —J. F. Stemmet, Kloofhuls, Knysna. 8/2/1.

Duitse Gebied In Vesting Omskep

Die noordelike deel van Oos-Pruise, wat na die oorlog deur Rusland geannekseer is, is tans 'n verbode gebied en word omskep in 'n sterk bewapende militêre kamp, volgens 'n berig in die Sosial-demokraat. Die gebied word uit-sluitlik bewoon deur Russiese soldate en dwangarbeiders.

Ten noorde van Koenigsberg (tans verdoop tot Kaliningrad) het die Russe 'n groot aantal lanseerbasisse vir vuurpyle en ander beheerde projektele operig, terwyl hulle teen koersagtige snelheid werk aan 'n Sowjet-vestinglinie wat strek van Memel tot aan die Dnieper.

Alle Duitsers in hierdie streek is verwyder en die Russiese immigrante bestaan uitsluitlik uit Mongole wat nie Russies verstaan nie.

Die voormalige Duitse vuurpylbasis te Peenemunde is weer deur die Russe operig en gaan voort met die proefnemings in verband met vlieënde bomme. Vier lanseerbasisse is reeds voltooi waarvan drie na Swede korrel en een na Brittanje. Ses ander is nog in aanbou.

BYBEL- EN GESANGBOEKOMSLAE VAN SWARTLEER

Bybel- en Gesangboekomslag te-same vir slegs 14/6 posvry wat ook leerboekmerk insluit. Sal binnekort gereed wees. Bestel nou om teleurstelling te voorkom. Baie dankie sower vriende vir u gewaardeerde ondersteunings. J. F. Stemmet, Kloofhuls, Knysna. 8/2/1.

WATTEPALE EN SPARRE. — Hoekpale 8 voet lank, 6 tot 8 duim bokant dikte 2/- stuk. Gewone pale 6 voet lank, 4 tot 6 duim bokant dikte 9d. stuk. Spanpaaltjies 4 voet lank, 1½ tot 2½ duim bokant dikte f3 10/- per 1000 met bas. Spesiale stringstokke vir tabak 4½ of 5 voet lengtes f2 15/- per 1000, met bas. Gelewer Charlestownstasie. Bestel van: L.S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown. Kontant met bestelling. 31/8/TK

VERVOERDIENS

Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met

J. A. STRAUSS

Posbus 64 - - Telefoon 9-8355 PAROW

Boerejeugnuus
Groot Planne Vir Paasnaweek

Van oral uit Kaapland verneem ons dat die Boerejeug groot planne vir die Paasnaweek het. Hierdie is maar almal voorlopige planne en is geen-sins amptelik nie.

OUDTSHOORN: Ons verneem dat die Boerejeug van Oudtshoorn planne het om 'n laertrek naby George te reël. By hierdie geleentheid wil hulle dan ook probeer om die Boerejeug van George daarheen te laat kom.

SKIEREILAND: Die Boerejeug van die Skiereiland twyfel nog oor wat hulle gaan doen. Ons verneem dat daar planne bestaan om 'n toer na Oudtshoorn te onderneem en dan ook 'n besoek aan die Kango-grotte te bring. Aan die ander kant weer word 'n laertrek in die omgewing van Caledon, Rawsonville of Stellenbosch ook ernstig oorweeg.

STELLENBOSCH: Die Boerejeug van Stellenbosch probeer alles in hulle vermoë om die Skiereiland se hulp te verkry en 'n laertrek naby Stellenbosch te reël. (Wie weet, Stellenbosers, miskien val die ander planne nog deur die mat en kan so 'n laertrek gereël word. —Red.)

Hoe lyk dit met die Vrystaters en Transvalers en die mense daar by ou Noordewind se geweste (Upington), gaan julle dan nie laat weet wat julle planne is nie? Ons is verbrands nuuskierig!

(vervolg van vorige kolom)

houe toegedien het in die party se stryd teen die Volksbeweging, besit die O.B. nog baie lewenskrag — en veglus.

En eindelik is dit darem sómar gemeen van „Dawie” om Die O.B. die „snippermandjie” van sommige Engelse koerante te noem. Alle koerante neem soms 'n mening of 'n berig uit 'n ander koerant oor. En „Dawie” weet boonop dat hoogstaande Afrikaanse koerante ook somtyds Die O.B. aanhaal. Maar van snippermandjies gepraat. Daar is 'n waardigheidsverskil tussen die hoofartikel-kolomme van Die Burger en die kolomme van „Dawie” se rubriek. Is „Dawie” se rubriek miskien die snippermandjie van Die Burger?

Ek vertrou dat u dieselfde publisiteit aan my brief sal verleen as wat u aan „Dawie” se uitbarsting verleen het.

(In die redaksionele briewebus deel die redakteur van Die Burger aan genl. Laubscher mee dat die blad nie „gretig of selfs gewillig” is om die O.B. se „skeurmakende propaganda” te publiseer nie. Maar die berigte waarna in die brief verwys word was juis 'n relaas van saamwerk-pogings wat andere —nie die O.B. nie—laat misluk het. Derhalwe moet „skeurmakery” nie aan die adres van die O.B. gerig word nie.)

NET 'N PAAR ITEMS

om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

Boston Potlood-skerpmakers ... @ 15/- elk
Mercury Draadheg-masjiene ... @ 29/6 elk
Dubbele Glas-Inkpotte ... @ 6/9 elk
Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... @ 7/- per Riem
Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... @ 7/8 per Riem
Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... @ 5/7 per Riem

Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

Alle Kantoorbenedigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

ONS VRA U MEDEWERKING

Versoek aan ons Lesers

Ons vra hiermee die medewerking van elke leser van Die O.B. Die medewerking van elke man, vrou en kind. Ja, ook u medewerking!

Daar is nog honderde huisgesinne in Suid-Afrika wat graag elke week Die O.B. sal wil ontvang.

Wie is hulle?

Almal wat Republikeine is.

Almal wat na ware Volkseenheid strew.

Almal wat wil help om dringende staatkundige, ekonomiese en maatskaplike hervormings teweeg te bring.

Trouens, almal wat saam wil marsjeer na die bestemming van die Afrikanervolk.

Sal u nie as skakel dien tussen hulle en Die O.B. nie?

Wat moet u doen?

Knip meegaande intekenvorm uit. Vul die nuwe intekenaar se naam en adres daarop in. Kollekteer 12/6 van hom of haar. Pos intekenvorm en geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad. En die nuwe intekenaar sal die blad vir een jaar ontvang.

Sal u asseblief u medewerking verleen? Baie dankie.

Intekenvorm

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B.” tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

.....vir die eerste.....maande.

NAAM.....
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES.....

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Boere Jeug

AMPTELIKE

ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 8 FEBRUARIE 1950

BOEREJEUG-DIENSLAER HELP OM VUUR TE VEG

Donderdagaand, 27 Januarie, het seker die kwaaieste brand wat die Skiereiland nog ondervind het teen die hange van Tafelberg uitgebreek. Vrydag het dit effens bedaar maar teen die aand weer opnuut begin woed. Dringende oproepe om hulp is oor die radio uitgesaai en, soos tevore al gebeur het, was die Boerejeug-dien slaer ook daar.

Ongelukkig kon daar nie met almal in verbinding getree word nie, maar die groepie wat gegaan het was vol geesdrif. Teen ongeveer nege-uur, die aand, het hulle op die Tafelberg-pad gerapporteer. 'n Bosbou-beampte het verduidelik dat hulle mag saamgaan maar hulle moes goed besef dat dit 'n waagstuk is en „dat julle naby jul dood sal wees.” Dadelik het een van die Boerejeugs geantwoord: „Dis net waar ons wil wees”

VLAMME INGEWAG

Langs 'n voetpaadjie het die groep, onder leiding van die bosbou-beampte hoog teen die berg uitgekluuter en die aan-

komende vlamme ingewag. Sou hulle nie daarin slaag om die vuur daar te keer nie kon dit oorgaan na 'n digbegroeide plantasie wat die vlamme maklik tot in die buurt van Groot Schuur-hospitaal sou voer. Dit strek die groep, en veral die leier, dus tot eer dat hulle in die poging geslaag het.

GEEN SLAAP

In die vroeë ure van Saterdagoggend is die Boerejeug-dien slaer-groepie met vuil gesigte, arms en bene, kleren wat self na 'n bosbrand ruik en oë wat nog altyd brand van die rook, af

Foto's Geneem By Monument Beskikbaar

Boerejeug-offisiere en -lede wat graag van die foto's waarop die seuns en dogters voorkom, wat die Monument-laertrek bygewoon het, en waarvan afdrukke in DIE BOEREJEUG verskyn het, kan nou bestellings plaas by Die Boerejeug-Redaksie, Posbus 1411, Kaapstad.

Die foto's kos 7/6 elk en is 5 dm. x 8 dm. groot. Gee asseblief volledige beskrywings van die foto's wat u bestel. Daar is drie altesaam.

Slegs bestellings waarby kontant ingesluit is, sal aangeneem word.

Stelle van kleiner kiekies sal later te koop wees. Besonderhede word binnekort geplaas.

na die Parade om 'n lekker koppie koffie en „warm brakkies” te gaan geniet. By die huis aangekom, was daar nie veel tyd vir slaap nie want toe moes hulle alweer begin werk vir die aand se kampvuur.

Die kereels het dit geniet, want afgesien van die avontuur daaraan verbode was dit vir hulle aangenaam om die skoonheid van ou Tafelberg te help behou. Volgende keer is hulle weer daar.

DANKIE!

Veldkte. M. Coetzee, Kanoneiland, Upington, skryf:

Hiermee net 'n paar woorde van dank aan al die ouers wat hul dogters aan my sorg toe vertrou het na die Uniale Laertrek tydens ons grootste plegtigheid in ons volksgeskiedenis.

Baie dankie, B.J.-dogters van Kanoneiland, vir jul gehoorzaamheid; dit was vir my 'n plesier. Maar ook kan ek nie nalaat om aan al die offisiere van die B.J., ook ons Jeugleier wat ek daar ontmoet en leer ken het, te dink sonder om somer baie te verlang, na die gesellige en heerlike oomblikke wat ons saam deurgemaak het nie. Ons kan seker wees van 'n herontmoeting, en deur vol te hou sal die volgende een soveel aangenameer wees, daar ons dan reeds mekaar ken.

Lank lewe die Boerejeug onder leiding van ons Jeugleier, genl. Dirk van Rooy. Sterkte en voorspoed vir 1950, kameraad!

BRIEWE- KOLOM

Posbus 1411,
Kaapstad.
8 Februarie 1950.

Beste Maats,

Hierdie week lyk dit darem al weer of die vakansie-luiheid 'n bietjie afgeneem het, want ons het darem weer 'n paar briefies ontvang.

Hier in die ou Kaap het alles nie so goed gegaan in die laaste tyd nie, want, soos maats seker in die koerante gelees het, is die grootste gedeelte van ou Tafelberg se skoonheid deur 'n groot brand verwoes. Ja, so erg was dit dat baie huise wat teen die hange van die berg gebou is, in gevaar verkeer het, Nou is alles darem gelukkig verby.

Van „Finkel” Bothma, St. Johnstraat 147, Oudtshoorn het ons 'n briefie en 'n klompie negatiewe van die verrigtinge by die Voortrekkermonumentlaer, ontvang. (Baie dankie, „Finkel”, ons sal binnekort die foto's laat afdruk en adverteer.—Red.)

Van J/Veldknt. Rousseau, Piet Retiefstraat 18, Montagu, het ons ook 'n paar negatiewe ontvang. Een van hierdie foto's is in die nag afgeneem en sal waarlik 'n baie mooi afdruk maak. (Baie dankie Veldkornet.—Red.)

Maat O. van Rooyen, Aberdeen, K.P. skryf dat hy heelwat Boerejeug-lede op Aberdeen sal kan werf. Hy nooi ons ook vir 'n koppie koffie as ons daarlangs kom. (Baie dankie maat, ons is bly dat jy so mooi vorder. Maats sal onthou dat maat Van Rooyen, 'n Voortrekkertjie, by die Monumentlaer kom vra het om aan te sluit by die Boerejeug. Ons het toe aan hom verdere besonderhede gestuur en dit kom ons voor asof ons een van die dae 'n Boerejeug-afdeling op Aberdeen sal kan stig.—Red.)

Ons vra weer dat maats maar gerus kan skryf. Hoe lyk dit Ceenie en Sarie Theron van Koffiefontein — en ons het lank laas van maat Sannie Gerber van George ook gehoor. Nig Martha en „Mielies” van Pretoria, wat so „plegtig” beloof het om gou te skryf — ons sal graag weer 'n briefie van julle ontvang. Maat Piet van der West-

(vervolg in volgende kolom)

KLEINGOED SE HOEKIE

Beste Maatjies,

Ons het besluit om 'n hele kolom, elke week, net aan julle te gee. Julle weet, die groter seuns en dogters is partykeer lui en dan skryf hulle gladnie aan ons nie. Nou moet julle darem wys dat julle elke week genoeg briefies aan ons pos, sodat die hele „KLEINGOED SE HOEKIE” vol kan wees. Anders sal die groter kinders kla dat ons nie die plekkie aan julle moes gegee het nie.

Julle kan sommer alles stuur; versies wat julle self gemaak het, kort storiejies, grappies, raaisels en mooi tekeninkies, of net briefies, maar alles moet deur julleself gedoen word. Wanneer julle aan ons skryf moet julle altyd julle ouderdomme ook bysit.

Stuur alles aan „KLEINGOED SE HOEKIE”, Boerejeug-Redaksie, Posbus 1411, Kaapstad.

„KLEINGOED SE HOEKIE” is vir almal onder 12 jaar.

Beste Boerejeug-groete,
OMIE.

VERJAARDAG- KETING

FEBRUARIE

- 9 Monica Kritzing, Joubertina.
- 10 Francina van Rensburg, Laingsburg.
- 11 Careen van Niekerk, Wellington.
- Pieter Cillie, Wellington.
- Paul Roux, Paarl.
- Yvonne Nel, Paarl.
- Johannes Niemand, Oudtshoorn.
- 12 Andries Lesch, Wellington.
- Cecily Bezuidenhout, Oudtshoorn.
- 13 Hennie Geldenhuys, Franschhoek.
- 15 J. Ehlers, Oudtshoorn.

(vervolg van vorige kolom)

huizen van Pretoria kan ook maar vir ons die baie nuus uit Pretoria aanstuur. Ons wag op julle maats!

Hartlike Boerejeug-groete,
Boerejeug-Redaksie.

ANDER BOEREJEUGNUUS
op bladsy 6

Boerejeug Hou 'n Re-Unie-Kampvuur

Vir Boerejeug-lede van die Skiereiland en omstreke wat verlede jaar saam na die Monumentfees was, het Saterdagoggend se kampvuur veel beteken. Hoe aangenaam was dit tog nie om al jou ou maats weer raak te loop nie en om weer oor al die aangename ondervindings te gesels nie. Maar, die ander outjies wat nie so gelukkig was om Pretoria-toe te kon gaan nie, het dit net so geniet.


Die oorspronklike plan was om die funksie op Kloofnek te hou. Almal het seker gehoor van die lelike brand teen Tafelberg wat die vorige twee dae so baie van die ou berg se skoonheid verwoes het. Op versoek van die Bosbou-departement het ons dus besluit om ons vuurtjie liever onder op die strand by Kampsbaai te gaan aansteek.

GESPEEL

Die mense het begin opdaag en almal was bly om mekaar se gesigte weer te sien. Daar was 'n vragmotor vol van Bellville, 'n paar motors en bakkies

van Stellenbosch, Paarl en Wellington. Dit het dan ook nie lank geneem voordat die klomp aan die speel geraak het nie. Die Ooms en Tannies wat gesit en kyk het, was seker baie jammer dat hulle ou ledemate al so styf is. Na die spelery moes almal in twee toue kom staan vir hul koffie — net soos op 'n laertrek. Later in die aand was daar erg gesmul aan 'n klompie waatlemoene en die wassery het ook nie weggeby nie. So tussen alles was daar baie pret, skerts, sing en solo nommers. Lampies het 'n spesiale liedjie gesing waarmee sy vir Toelie Botes weer in ons kring verwelkom het nadat sy vir 'n lang ruk weg was. Renus van Heeswyk het gesorg vir 'n baie oulike liedjie wat ook sommer byval gevind het nl. „Daar onder waar die Pampoene groei.”

Soos altyd maar, was die uitmekaargaan weer die onaangenaamste item op die program. Toemaar, dit is nie meer baie lank voor ons weer Kompetisie-laertrek hou nie. Dan sien ons mos weer al ons maats.



BEROEMD en WELBEKEND

oor die 66 jaar vir

BESTE WAARDE

in

KLAVIERE

VLEUELKLAVIERE

HUIS- EN KERKORRELS

sowel as alle

ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

Spesiale Afdeling:

WAPENS

PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

Nuwe afdeling vir

YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

R. MÜLLER (Eiens.) BPK.

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

Diskriminasie Teen O.B. Bly Gehandhaaf

Die nuwe konstitusie van die Kaaplandse Herenigde Party wat aanstaande maand in werking tree, maak voorsiening vir die voortsetting van die diskriminasiebeleid van die H.N.P.-leiding teenoor O.B.-lede. Dit beteken dat die party-leiding nog geen verandering in sy beleid teweegbring het sedert die provinsiale verkiesing verlede jaar in Maart, toe die Afrikanerparty hom noodgedwonge aan die verkiesing onttrek het omdat sy bondgenoot geweier het om sy kandidate wat ook lid van die Ossewabrandwag is, te ondersteun.

Nadat dr. Malan op 3 Oktober 1941 'n verklaring uitgereik het waarin hy die Ossewabrandwag tot 'n „politieke organisasie” verklaar op grond waarvan hy alle partylede opgeroep het om uit die Beweging te bedank, het hy sy diskriminasiebeleid teen lede van die O.B. geleidelik verskerp. Ten einde te verhoed dat O.B.-lede ampsdraers van die party word, is 'n belofte in die konstitusie opgeneem wat deur alle ampsdraers afgelê moes word. Daarin verklaar hulle dat hulle „nie lid is van enige ander politieke party of politieke organisasie nie.”

ALMAL UITGESKOP

Op 15 Junie 1945 het die hoofraad van die party alle O.B.-lede wat nog lid van die party was, uitgeskop deur hul lidmaatskap as vervalte te verklaar. Hierdie algehele uitsluiting van O.B.-lede is bestendig by wyse van 'n kongresbesluit wat bepaal het dat geen O.B.-lid wat nie eers as sodanig bedank het, lid van die party mag word nie.



KWV

**-Eau de Cologne
en -Lavental**

PRODUKTE VAN
SUID-AFRIKA



K 97

Op 23 September 1947 het die kongres op De Aar hierdie besluit vervang deur een wat die skyn moes gee dat die deur weer oopgemaak word. Dit het bepaal dat 'n O.B.-lid „wat nie as sodanig bedank het nie tot die lidmaatskap van die party toegelaat mag word, alleen as die distriksraad op aanbeveling van die wyskraad homself eers tevrede gestel het (a) dat sodanige lid nie of nie langer nie die leer van die sogenaamde gesag- of partylose staat ahang nie; (b) dat hy die grondslag van volksregering waarop ons Party berus, aanvaar; en (c) dat hy bereid is om in alle opregtheid getrouheid aan die Party te belooft, ooreenkomstig die eise wat aan alle Partylede gestel word.”

O.B.-OORTUIGING

Met ander woorde, wanneer 'n O.B.-lid sy oortuiging oorboord gooi, kan hy lid van die H.N.P. word en tog sy lidmaatskap met die O.B. behou—aan wie se beginsels hy nie meer glo nie. Maar selfs dan kon hy niks meer as 'n gewone lid word nie, want:

„Geen lid van die Party wat ook lid van die O.B. is, mag as ampsdraer van die Party verkies word nie. Onder ampsdraer word ook ingesluit alle Parlements- en Provinsiale Raadslede en kandidate wat deur die Party ondersteun word.” Aldus die besluit.

Die enigste praktiese uitwerking van hierdie besluit was dat die H.N.P.-leiding op grond van die laasgenoemde paragraaf geweier het om kandidate van die bondgenootparty te ondersteun wat lid van die O.B. is. Die besluit is derhalwe die volgende jaar (26 Oktober 1948) te Port Elizabeth deur die kongres herroep en vervang deur die volgende:

„Die kongres besluit met die oog op die klaarblyklike begeerte van groot getalle persone wat in die verlede om die een of ander rede nie lede van die Party was nie, om nou tot die Party-geledere toe te tree, voortaan slegs weer artikel (1) van die Party se konstitusie by die toelating van lede deur wyksrade te laat geld.”

„POLITIEKE STREKKING”

Die betrokke artikel lui onder meer:

„Ek verklaar verder dat ek nie lid is van enige ander politieke party of van enige organisasie met 'n politieke strekking nie.”

Aangesien dr. Malan die O.B. reeds in 1941 tot 'n „politieke organisasie” verklaar het, het hierdie artikel O.B.-lede nog uitsluit, en 'n paar maande later

het die H.N.P.-leiding getoon dat hy die bepaling selfs op sy bondgenootparty as van toepassing beskou. In die provinsiale verkiesing het die party naamlik geweier om kandidate van die Afrikanerparty te ondersteun wat lid is van die Ossewabrandwag.

Hierdie betrokke artikel is tans weer opgeneem in die konstitusie nadat die Port Elizabethse besluit op die Paarlse kongres verlede jaar bekrachtig is.

Die posisie is dus onveranderd en sal onveranderd bly totdat of die kongres die artikel of dr. Malan sy verklaring van die O.B. tot 'n politieke organisasie herroep.

Protesteer Teen Rolprent

Verlede week moes die Londen stadsraad die vertoning van 'n rolprent „Sword in the Desert” stopsit uit vrees vir demonstrasies deur sekere Britse organisasies. Die prent handel oor die laaste tydperk van die Britse mandaat in Palestina, en beswaar word daarteen gemaak omdat dit Sionistiese propaganda, en 'n belediging vir die Britse gesneuweldes in Palestina, sou wees.

Die betogings teen hierdie prent herinner aan die verbod op die vertoning van „Oliver Twist” in Berlyn 'n jaar gelede toe die Jode daar oproer gemaak het op grond daarvan dat hierdie film „anti-semitiese” propaganda sou wees, daar een van die skurke in Charles Dickens se verhaal van „Oliver Twist”, die Jood Fagin is.

Die Britte het natuurlik geen beswaar teen die ander skurke in die stuk, wat vermoedelik Engelse was, gemaak nie.

Regering Gesels Met Indiërs

Samesprekings deur die regering met verteenwoordigers van Indië en Pakistan het hierdie week in Kaapstad begin. Dit is 'n uitvloeisel van die stryd wat van die Indiese kant teen die Unie in 1946 begin is oor die behandeling van die Indiër-gemeenskap in Suid-Afrika, en wat telkemale voor die V.V.O. gelê is. Laasgenoemde liggaam het aanbeveel dat die drie regerings 'n konferensie hou oor die saak.

Voordat die samesprekings begin het, is aangekondig dat die regering van Pakistan sy boikot teen die Unie opgehef het.

'n Groot ontploffing wat, na berekening, oor 'n afstand van 'n paar honderd myl geskied het, is op Mars waargeneem. Uit Japan word berig dat daar ook groot ontploffings op die son voorgekom het.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

BYNA TWEEKEER SOVEEL BRITTE AS ANDER NA UNIE

Die beskuldiging dat die huidige bewind teen Britse onderdane diskrimineer ten opsigte van immigrasie, het nie veel om die lyf as die vergelykende syfers van die afgelope aantal jare geneem word nie. In werklikheid het die persentasie immigrante uit Engeland verlede jaar met slegs 2 persent gedaal. Maar dieselfde vering word in Kanada geopenbaar, waar die aantal Britse immigrante met meer as die helfte in 1949 verminder het vergeleke met 1948.

Dit blyk tewens uit beskikbare syfers dat die Britse element 'n baie sterker persentasie in die Suid-Afrikaanse immigrasie vorm as in die Kanadese. In die jare 1945—1948 was 160,848 van die 362,451 immigrante wat Kanada binnegekom het, Britte, dit wil sê ongeveer 47 persent van die totaal.

In Suid-Afrika daarenteen het immigrante uit Engeland tussen die jare 1936—1948 61½ persent van die totale aantal blankes uitgemaak, en hierdie persentasie het verlede jaar tot 59½ persent gedaal. Dit sluit nie Britse onderdane uit ander dele van die Britse Ryk in nie. Vir die jare 1936—1948 was meer as driekwart, te wete 77 persent van die immigrante van Britse nasionaliteit.

Volgens syfers verstrek aan die volksraad was daar 'n geweldige daling in die totale aantal immigrante wat die Unie verlede jaar binnegekom het. Teenoor die 35,631 van 1948, het daar slegs 6,181 immigrante verlede jaar die land binnegekom. Van hulle was 3,684 van Engeland afkomstig, 758 uit Griekeland, 374 uit België, 225 uit Holland en 147 uit die Verenigde State.

Gaan Unie Rooi Sjina Erken?

Die Unie-regering oorweeg dit nog of hy in navolging van die Britse voorbeeld die rooi Sjinese regering gaan erken, volgens 'n antwoord van die Eerste Minister in die Senaat.

Sen. Nicholls het aan die Eerste Minister gevra watter houding die Unie by die konferensie in Colombo ingeneem het ten opsigte van Sjina en Suid-oos-Asië. Verder wou hy weet of die Regering deur die regerings van Brittanje, Pakistan en Indië, of deur enigeen van hulle, in kennis gestel is van hul voorneme om die Kommunistiese regering van Sjina te erken, wat die Unie-regering se antwoord daarop was, en of die Unie-regering van plan is om die Sjinese Kommuniste te erken en wanneer.

Die Eerste Minister het geantwoord dat die Unie-regering aan die Britse regering te kenne gegee het dat hy met die oog op Brittanje se belange in Sjina akkoord gaan met die Britse besluit.

TOERISTEBURO



REIS sonder las

Wanneer u 'n reis onderneem wat hotel-akkommodasie, maaltye en beddegoed onderweg insluit, waarom dan uself met die lastige reëlings bemoei? Die S.A.S.-toeristeburo sal dit alles met graagte vir u reël, of u nou al per trein, padvoertuig, skip of vliegtuig gaan reis. Daar is slegs één kantoor om te besoek, net één betaling om te doen. Kán dit geriefliker?

Indien u u lugreis per Springbokdiens onderneem, en u plekbepreking deur middel van die Toeristeburo doen, sal u hotelakkommodasie in die Verenigde Koninkryk vir u gereël word.

Spreek u naaste
Toeristeburo of Stasiemeester



GEBUIK ONS REISIGERSTJEKS